UNIVERSITY
JOHANNESBURG

VAK:	: **AFRIKAANS**
KODE:	: AFR2AA2 / AFR2A11 (supplementary examination)
VRAESTEL :	: 1 [LETTERKUNDE]
DUUR:	: 2 UUR [08:30]
PUNTE:	: 100

EXAMINATOR	: MNR A KRÜGER
MODERATOR	: DR K DE WET

INSTRUKSIES VIR DIE KANDIDATE:

DEEL 1: DRAMA

- AFDELING A: BEANTWOORD AL DIE VRAE, SLEGS WAAR OF VALS.
- AFDELING B: BEANTWOORD AL DIE VRAE.
- AFDELING C: BEANTWOORD ENIGE **TWEE** VAN DIE LANG VRAE.

DEEL 2: PLAASROMAN

- AFDELING A: BEANTWOORD **AL DIE** VRAE, SLEGS **WAAR** OF **VALS**.
- AFDELING B: BEANTWOORD ENIGE **TWEE** VAN DIE LANGVRAE.
- AFDELING C: BEANTWOORD ENIGE **TWEE** ***VAN DIE LANGVRAE (BLS. 4)***

DEEL 1: DRAMA

AFDELING A

DIE HEKS; C.LOUIS LEIPOLDT

VRAAG 1: "Paasje" en "sipier" is voorbeelde van verouderde woordgebruik. [1]

VRAAG 2: Die kerk ter sprake in Leipoldt se toneelstuk is die Anglikaanse Kerk. [1]

VRAAG 3: Die toneelstuk bestaan uit drie handelingsgehele. [1]

VRAAG 4: Die drama se slot word bewerkstellig deur uiterlike toeval en nie deur die beslissing van die tragiese hooffiguur nie. [1]

VRAAG 5: Een van die Broeders se beroep is tandheelkundige. [1]

KANNA HY Kô HYSTOE; ADAM SMALL

VRAAG 6: In Adam Small se werk word die maatskaplike en politieke posisie van die sogenaamde bruin Kaapse mense belig. [1]

VRAAG 7: Die belangrikste motiewe in die drama is dié van verkragting en skuld. [1]

VRAAG 8: Die spel in hierdie toneelstuk is chronologies. [1]

VRAAG 9: Die skip word op diëgetiese wyse in die toneelstuk voorgestel. [1]

VRAAG 10: Kanna woon nie oorsee nie. [1]

SIENER IN DIE SUBURBS; P.G. DU PLESSIS

VRAAG 11: Oom Giel en Ma is getroud. [1]

VRAAG 12: Tjokkie word gedwing om dagga te rook sodat hy kan "sien". [1]

VRAAG 13: Jakes was vroeër vir tien maande met Sybil getroud. [1]

VRAAG 14: Ma kry 'n oorlogspensioen. [1]

VRAAG 15: Tiemie is bly dat sy swanger is. [1]

[15]

AFDELING B

DIE HEKS; C.LOUIS LEIPOLDT

VRAAG 1: Verskaf die naam van een van die twee broeders. [1]

VRAAG 2: Kannemeyer voel dat die aanvanklike titel van die stuk 'n beter beskrywing van die drama inhoud gee. Wat was die aanvanklike titel? [1]

VRAAG 3: Twee artikels wat aan die heks behoort het, word aan die Kardinaal oorhandig. Dit ontstel hom. Noem een van die artikels? [1]

VRAAG 4: Wat is die Kardinaal se naam, die een waaronder die heks hom geken het toe hulle 'n verhouding gehad het? [1]

VRAAG 5: Wat was die natuurverskynsel tydens die konsilie van Konstanz waarvan die een broeder voorkennis gehad het? [1]

KANNA HY Kô HYSTOE; ADAM SMALL

VRAAG 6: By watter universiteit was Adam Small hoof van die departement Maatskaplike Werk? [1]

VRAAG 7: Terwyl Kanna sy opleiding voltooi loseer hy by sy tante. Wat is haar naam? [1]

VRAAG 8: Wat is Kanna se beroep? [1]

VRAAG 9: Poena rand Kietie met 'n implement aan wat later haar dood veroorsaak. Diekie neem dit by hom af en vermoor hom daarmee. Wat is die implement? [1]

VRAAG 10: Met watter voertuig word Kanna by die lughawe gaan haal en terug huis toe gebring? [1]

SIENER IN DIE SUBURBS; P.G. DU PLESSIS

VRAAG 11: Wat is Jakes se vervoermiddel? [1]

VRAAG 12: Na watter radiostasie luister die karakters? [1]

VRAAG 13: Wat is die naam van die popmusiekliedjie wat in die toneelstuk gebruik word? [1]

VRAAG 14: Watter beskrywende woord gebruik Jakes om na die meer welvarende mans by Tiemie se werk te verwys? [1]

VRAAG 15: Watter gereedskapstuk veroorsaak uiteindelik Tjokkie se dood? [1]

[15]

AFDELING C

BEANTWOORD ENIGE **TWEE** VAN DIE VIER LANGVRAE:

VRAAG 1

Bespreek OF P.G. du Plessis se drama *Siener in die suburbs* OF Adam Small se drama *Kanna hy kô hystoe* as 'n teks wat sosiale en/of sosiopolitiese kommentaar lewer, deur onder andere te verwys na karakters, karakteruitbeelding, taalgebruik, sosiale omstandighede en plek, en tipiese en/of uitsonderlike dramatiese eienskappe van die teks .

[10]

VRAAG 2

Adam Small se aantekening vir sy drama *Kanna hy kô hystoe*, lees as volg: "Die spel is nie chronologies nie. Die karakters praat oor afstande, jare, drome en die dood heen." Skryf 'n goed geargumenteerde opstel, met toepaslike aanhalings en voorbeelde, om hierdie stelling te illustreer. Dui ook met redes aan of dit suksesvol oortuig, al dan nie.

[10]

VRAAG 3

"Die vorm van drama, in terme van karakterisering, tyd en ruimte, en die dramatiese handeling, lê sekere bande op die dramaturg oor wat uitgebeeld kan word en hoe." Bespreek hierdie stelling aan die hand van die dramas wat u vir die kursus bestudeer het.

[10]

VRAAG 4

"Die taalgebruik in P.G. du Plessis se *Siener in die suburbs* is meer natuurlik as die taalgebruik in *Die heks*, van C. Louis Leipoldt." Bespreek hierdie stelling met toepaslike voorbeelde uit die tekste. Speel tydsgebondenheid en die sosio-ekonomiese status van die karakters 'n rol?

[10]

Totaal Afdeling A + Afdeling B + Afdeling C = [50]

DEEL 2 (volg op bladsy 5)

VRAAG 27: Saar het haarself in Kaapstad gevestig. [1]

VRAAG 28: Dam de Kok is die voorman op Freddie se plaas. [1]

VRAAG 29: Dam de Kok het in die Midde-Ooste gewerk. [1]

VRAAG 30: Nelmari Viljoen het oorspronklik met Freddie bevriend geraak omdat sy haar skilderye bewonder het en wou bemark. [1]

AFDELING B:

VRAAG 1:

Bespreek hoe die plaasroman tussen 1939 en 2009 verander en aangepas het by die veranderde en veranderende omstandighede in Suid-Afrika en die wêreld.

[10]

VRAAG 2:

Volgens J.M. Coetzee is die uiteindelike doel van die plaasroman om 'n verduideliking vir eienaarskap van die land te voorsien.
Stem jy saam met hierdie stelling? Bespreek jou antwoord en verwys telkens na die kenmerke van die tradisionele plaasroman. Dui ook aan hoe dit manifesteer, of nie, in die voorgeskrewe werke.

[10]

VRAAG 3:

Bespreek Etienne van Heerden se roman (1986) *Toorberg* as kritiek teen die tradisionele plaasroman.

[10]

VRAAG 4:

Is Karin Brynard se roman (2009) *Plaasmoord* 'n voorbeeld van die tradisionele plaasroman, of nie?

[10]

Totaal: **Afdeling A + Afdeling B** = [50]
Totaal: **Deel 1 + Deel 2** = [100]